

# Verskaf warm kleur op koue wintersdag

**Hoewel inheems aan die oostelike dele van Suid-Amerika, gedy die bougainvillea reeds dekades lank oor die wêreld heen, en sy kleurvolle skutblare rondom die bykans onopsigtelike blommetjies kikker selfs die vaalste wintertuin op. Die skutblare word ook papierblomme genoem vanweë hul tekstuur. Dié plant met talle spesies groei van 1 m tot 12 m hoog. In Kakamas, met 'n beloofde koue front op die horison en 'n groen lusernland op die agtergrond, verskaf dié bougainvillea 'n warm kleur.** FOTO: HELENA BARNARD

Hoofartikel

# Kind grootmaak geen speletjie nie

**Tienjariges wat nog pop moet speel, in 'n klaskamer saam met ander gr. 5-leerlinge sit, en pouses kaalvoet of met skoolskoene met nerf-af punte op die skoolterrein speel of broodjies uit 'n kosblik eet, moet nou van swangerskap, babadoeke ruil, borsvoeding en babaversorging leer.**

Of hulle word reeds aan die uitvoering van begrippe soos aanneming en selfs aborsie blootgestel. Dié makabere prentjie is nie deel van 'n nuwe grilreeks met diaboliese ondertone nie. Dit is die werklikheid in die Noord-Kaap.

Die nuutste statistieke uit die Noord-Kaap dui aan dat gemiddeld 20 swangerskappe per kwartaal in die ouderdomsgroep tien tot 14 jaar aangeteken word. Dit is ongeveer 80 per jaar.

In die ouderdomsgroep 15 tot 19 jaar word gemiddeld 900 tienerswangerskappe per kwartaal in die provinsie aangemeld – dit is ongeveer 3 600 per jaar.

Die Noord-Kaapse LUR vir onderwys, Zolile Monakali, het verlede week tydens sy begrotingsdebat hierna verwys.

Hy het gesê lewensvaardighede rondom dié kwessie gaan in die leerplan ingebring word, en dat 'n strategie in samewerking met die departement van onderwys, gesondheid en sosiale ontwikkeling gefinaliseer word.

Dié strategie sal onder meer gewaagde gedrag en skadelike sosiale kwessies aanspreek.

Op 'n sosialemediaplatform, in reaksie hierop, het lede van die publiek die departement van onderwys oor die swangerskappe verkwalik en gewonder wat die instelling doen om dit te verhoed. 'n Ander lid se reaksie was dat die departement nie kinders grootmaak nie, maar ouers. Nog 'n mening is dat geen mens 'n kind alleen kan grootmaak nie.

Die ou Afrika-gesegde: "It takes a village to raise a child", is hier ter sprake. In Swahili is ook 'n gesegde: "Whomsoever is not taught by the mother will be taught with the world".

Kinders grootmaak is 'n lewenslange taak; en is beslis geen kinderspeletjie nie.

Twyfelhoekie

# Seun se opregte dankie-sê roerend

HANNES NOËTH

**'n Mens kan nooit klaar gedink kry oor die opregtheid waarmee kinders die lewe leef nie.**

Ek het dit pas weer beleef tydens 'n werksgeleentheid.

Ons besoek een van ons sentrums waar ons kinders van 'n ete voorsien en die middag help met huiswerk en voorbereiding vir die volgende dag.

Tydens middagete trek die juffrou 'n jong seun vorentoe en vra of hy sal voorgaan in die dankie sê vir die kos.

Ons is gewoond dit is tog te mooi as kinders geloofstaal begin praat en met vrymoedigheid kan begin voorgaan.

So doen hierdie seun vandag.

Hy begin deur te dank dat ons almal saam kan wees.

Hy dra ook in dankbaarheid die personeel op wat tydens die skoolvakansie inkom sodat hulle wel nog 'n goeie bord kos kan eet.

Hy bedank die skenkers van hierdie kos en ook die hande wat dit voorberei het.

Alles so mooi. Alles so opreg.

Maar dan, net voordat hy klaarmaak met hierdie dankgebed, haal hy so 'n oomblik asem, sug diep, kinderlik, maar opreg en bid so 'n laaste sinnetjie: "En dankie dat my ma veilig is."

Sy ma is veilig.

Opsigself klink dit goed en is 'n mens dankbaar.

Maar 'n mens moet ook sy kinderhart verstaan en sy leefwêreld ken om te verstaan.

Hy is opreg dankbaar dat sy ma veilig is.

Daarom bid hy dit.

Sy ma is dood. Kort gelede.

Longkanker het haar asem weggedruk.

Sy ma is veilig. Hy het seer, maar sê dankie dat sy veilig is.

Potpourri

# Waar jy tuishoort

KARIN MULLER

**Daar is min dinge so opwindend soos 'n blaaskans weg van die werk en huis.**

Of hierdie blaaskans 'n paar dae se wegbreek behels of 'n paar weke iewers ver, dit is iets wat wondere vir liggaam en gees verrig.

Die lekker rondom dit behels dalk 'n bespreking wat gedoen word of 'n roete wat beplan word.

Daar kan dalk iewers saam met goeie vriende gekuier word.

Voor 'n mens jou oë uitvee, is dit tyd om huiswaarts te keer.

En hierin lê ook 'n lekkerte.

Om die deur oop te sluit en die bekendheid te ervaar.

Reuke en geluide wat jy ken. Troeteldiere wat jou opgewonde groet en aanhou groet.

Jou onmiddellike omgewing is dalk nie die mooiste of beste of weelderigste op aarde nie, maar dit is joune.

Dinge waarvan jy hou. Artikels wat vir jou waarde inhou. Dinge wat jy dalk nie noodwendig gedink het jy gaan mis nie.

Die snoesigheid van jou beddegoed. Die gemaklikheid van jou stoel. Die varsheid van die bondel wasgoed wanneer jy dit uit die wasmasjien haal.

Perspektief is nou duideliker.

Nuwe planne of uitdagings neem dalk nou vorm aan. Dalk het oplossings vorendag gekom wat in die daaglikse harwar feitlik onmoontlik voel.

Die daaglikse roetine gaan binnekort weer teen 'n geweldige spoed begin.

Iewers gaan julle nog gesels oor die wegbreek en deur foto's blaai.

Maar uiteindelik is jy terug waar jy voel jy tuishoort.

Kameeldoring

# Laaste wete versterk

CHARNÉ KEMP

**Man who is created alone should be aware that he will also die alone. Yet during his life, he lives almost addicted to possessions… the only assets one can take with him when one dies is one's belief or disbelief.**
**– Harun Yahya**

Ek glo sy wil deur die poorte gaan met een wete; ons liefde wat haar omgeef. Die geloof dat haar 14-en-'n-half-jaar op aarde saam met ons elke nanosekonde werd was. Aardse besittings het sy baie gehad.

Tennisballe, seker 30 of meer. Aanvanklik was hulle lekker hard, maar haar tande het hulle sag gebrei. Dan is dit afgeskil, gehalveer en verkrummel. Die meeste daarvan het uiteindelik op die gras in landmyne en in 'n heel ander vorm te voorskyn gekom.

Die sokkerballe het soortgelyke eindes gehad.

Die hokkie- en golfballe is grofgeskuur met daardie einste ivore in haar bek.

Dan was daar vele handdoeke waarmee tougetrek is, gate wat gegrawe en hadidas wat gejaag is. Die daaglikse avonture wanneer ons gaan stap het. Die grashalms wat eenkant op en anderkant af gesnuif is. Molle wat gesoek is. Haar gebied wat afgemerk is. Bevele wat uitgeblaf is, het ons onderdane al laggend uitgevoer.

Nou, met haar geel oë wat bruin poele vol vrae geword, haar nekvelle wat hang, die pote wat onder haar ingee wanneer sy al agter ons aansukkel, weet ons wat kom. Al bewend toegedraai in komberse, voer ek haar 'n skaapvetjie, 'n hoenderlewertjie, 'n tee-gedoopte beskuitjie.

Sy moet weet dat wanneer sy gaan, ons daar is.

Juweeltjie

## torra

S.nw. Torras, of soms torre (geselstaal); beteken "donkie". Opgeteken in onder meer Upington, Kakamas, Kenhardt, Calvinia, Ceres, Garies en Beaufort-Wes.

■ "Van Josling af is ons met ons kapwa en 12 torras en ons vee oor die witgatboom- en suurgrasbulte deur Kenhardt se wêreld." (Burger, 12 September 1977)
– **Woordeboek van die Afrikaanse Taal; wat.co.za**

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as 'n e-publikasie by streeksnuus.netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

CENTRAAL24

NOORDKAAP BULLETIN

| | | |
|---|---|---|
| **REDAKTEUR / EDITOR** | | |
| Helena Barnard | helena.barnard@media24.com | |
| **MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER** | | |
| Charné Kemp | charne.kemp.writer@gmail.com | |
| **ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS** | | |
| Natasha Ingram | natasha.ingram@media24.com | 082 567 3883 |
| **BETREKKINGS / VACANCIES** | | |
| Noleen Petersen | noleen.petersen@media24.com | 051 404 7813 |
| **REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES** | | |
| noordkaapbulletinlegals@media24.com | | 051 404 7600 |
| **GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS** | | |
| noordkaapbulletinadverts@media24.com | | 051 404 7600 |

**OMBUDSMAN**



Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com. Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).

Press Council FAIR

NoordkaapBulletin proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media, which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011-484-3612.